

Nuusbrief - Desember 2008

Jaargang 46, Nommer 4, Desember 2008 ISSN: 0039-4807

Privaat sak X11, Arcadia 0007

Engelenburghuis, Zierovogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

E-pos: akademie@akademie.co.za Tuisblad: www.akademie.co.za Tel. 012-328-5082; Faks 012-328-5091 Intekentarië vir die Nuusbrief: Binneland (2008): R80 (BTW en posgeld ingesluit) / Buiteland (2008): R130 (posgeld ingesluit) Kontak Marietjie Botha by mbotha@akademie.co.za

'N BESTEK OOR 100 JAAR

Prof. Pieter Kapp skryf in sy historiese oorsig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat volgende jaar gaan verskyn, dat daar net drie Afrikaanse organisasies is wat in die afgelope honderd jaar oorlewe het. Dit is die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) wat in 1905 gestig is, die Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) wat in 1906 gestig is en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) wat volgende jaar ’n honderd jaar gelede gestig is in Bloemfontein. Hierdie mylpaal sal volgende jaar, soos baie van u al weet, op luisterryke wyse gevier word, deur ’n driedaelange jaarvergadering in Bloemfontein. Tydens hierdie jaarvergadering gaan daar bestek opgeneem word van die afgelope honderd jaar, maar sal daar ook ’n toekomsblik op veral die hoë funksies van Afrikaans gegee word. Tereg word hierdie geleentheid as ’n mylpaal bestempel en kan dit die verdere ontwikkeling van Afrikaans beslissend bepaal. Die jaarvergadering word geopen deur ’n voormalige staatspresident, mnr. F.W. de Klerk en vooraanstaande sprekers (ook uit die buiteland) sal optree. Daar word veral getrag om ’n beduidende Nederlandse komponent in te sluit, omdat bande met die stamlande (veral waar daar tans by hulle groeiende belangstelling vir Afrikaans ontstaan) kan bydra om Afrikaans en sy (wankelende) hoë funksies te onderskraag.

Die Suid-Afrikaanse Akademie bevorder die wetenskap (veral in Afrikaans) en die kunste, maar sy nisgebied is veral die uitbou en standaardisering van Afrikaans. Aan al hierdie terreine gaan ruim aandag bestee word tydens die jaarvergadering: aan die verskillende wetenskaplike vakgebiede, veral in lesings; aan die musiek deur middel van ’n liederaand; aan die skilderkuns deur middel van kunsuitstallings (’n toe- en ’n nou-); en aan die letterkunde veral deur middel van die opvoering van ’n komedie wat spesiaal geskryf is vir hierdie geleentheid. Probeer nou al om u dagboek só in te rig dat u hierdie geleentheid sal kan bywoon. ’n Feestelike bal en ’n kerkdien in die historiese Klipkerk sal die jaarvergadering afsluit.

Ek is ook bly om te kan berig dat ons toenemend groot welwillendheid van borge kry en dat dit duidelik is dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns allerweë gesien word as ’n belangrike organisasie. Op versoek van ASSAf sal ons ook in die nuwe jaar samesprekings hou oor nadere samewerking. Ek is ook ingesluit in die ASSAf-paneel wat die stand van die Geesteswetenskappe in die volgende agtien maande sal ondersoek.

Die jaarlikse afsluitingsdinee van die Akademie in Bloemfontein is vanjaar toegesprek deur mnr. Mosioua Lekota, medeleier van die te stigte party, Congress of the People. Dr. Anthea van Jaarsveld, die plaaslike sekretaresse was nogal geskok toe die geslote geleentheid bygewoon is deur ’n hele klomp geesdriftige ondersteuners. Ons vrese is egter gou besweer deur die gedrag van alle aanwesiges. Vooraf is ooreengekom dat sy toespraak ’n wetenskaplike ontleding en toekomsblik sou wees en geen politieke retoriek nie. Die verrigtinge, wat in hoofsaak in Afrikaans plaasgevind het, is gekenmerk deur uitnemende gedrag van alle aanwesiges én deur ’n uitstekende toespraak van mnr. Lekota.

Hy het klem gelê op die belangrikheid van die Grondwet wat deur moeisame onderhandelinge tot stand gekom het en het die hand ook in eie boesem gesteek oor foute van die verlede. Wat volgens hom nou dringend tot ’n einde moet kom, is regstellende aksie gebaseer op ras alleen, politisering van die staatsdiens én polisie, en optrede wat die regstaat in gedrang bring. In hierdie verband het hy veral beklemtoon dat elke burger van Suid-Afrika gelyk voor die reg is, wat regte én verpligtinge betref. In ’n kwalik verholde verwysing na mnr. Jacob Zuma, het hy benadruk dat elke burger in ’n staat van beskuldiging geplaas moet word, waar ’n oortreding vermoed word en dat die reg dan sy loop moet neem.

Daar is ’n ou gesegde dat ’n mens bouers en politici moeilik kan vertrou omdat hulle net belowe. Maar die kalm, beredeneerde wyse waarop mnr. Lekota sy saak gestel het en veral sy beklemtoning van demokratiese waardes en prosesse én van die wetenskaplike diskoers het die aanwesiges beïndruk. ’n Openbare debat tussen toonaangewende politici, juis oor waardes, sou baie mense se vrese tot ruste kon lê. Ook ons organisasie, wat graag sy kundigheid aanwend tot heil van die hele Suid-Afrika, het belang by ’n stabiele, vreedsame en vooruitstrewende Suid-Afrika. [Hennie van Coller]

PLAASLIKE FEESTE

Die Akademie se hooffees van 24-27 Junie in Bloemfontein waarvoor die voorsitter hierbo berig word

“omring” deur kleiner plaaslike feeste wat deur werkgemeenskappe gereël word.

Die Wes-Kaapse Werkgemeenskap het groot planne vir ’n eeufeesdinee by die Taalmonument. Deelname aan die Woordfees op Stellenbosch word beplan waar onder meer ’n debat beoog word onder die opskrif “Het Afrikaans die Akademie nodig?” ’n Uitstalling van kunswerke uit die Akademie se kunsversameling staan op die plaaslike program asook ’n uitstalling van artefakte/dokumente uit die Akademie se argief wat die verhouding tussen die Akademie en die US belig.

Ook in Pretoria word verskeie funksies beplan. ’n Spesiale poging gaan aangewend word om die Engelenburghuis se kunsskatte bekend te stel. Prof. Alex Duffey, lid van die Kunstekomitee, werk aan ’n plan om Akademiewenners in die beeldende kunste, se werke by ’n uitstalling bekend te stel.

Die reëlings vir die Afrikaanse Liederkonsert/Eeufeeskonsert in Bloemfontein begin al vaster vorme aanneem en beloop om ’n grootse gebeurtenis te wees. Die Rupert-Stigting en die Internasionale Uitvoerende Kunste Instituut Trust (Vrystaatse Kunsstigting) het finansiële steun toegesê.

DIE AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS OP SPOORDie tiende uitgawe van die AWS is op pad! Die Taalkommissie van die SA Akademie het die Akademieraad ingelig dat die publikasie hoogs waarskynlik in Maart 2009 persklaar sal wees en aan die drukkers oorhandig sal word vir bekendstelling en oorhandiging by die eeufees in Bloemfontein. Die eerste uitgawe van die AWS het in 1917 verskyn en daar word beoog om ’n faksimile van die 1917-uitgawe in ’n beperkte oplaag by die fees beskikbaar te stel. Die Taalkommissie onder voorsitterskap van prof. Ernst Kotzé van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit van Port Elizabeth het die afgelope aantal jare op ’n gereelde basis vir tydperke van 7 tot 8 dae per keer vergader.

DIE STATISTIESE TERMINOLOGIEPROJEK

In 1991 het die uitvoerende komitee van die SA Statistiese Vereniging (SASV) opdrag gegee dat die Statistiekwoordeboek hersien en uitgebrei moet word. Die bestaande Engels-Afrikaanse woordeboek was ’n hersiening deur prof. Herman Schoeman en ’n redaksie (in 1984) van die eerste woordeboek van prof. B. de Loor (1961). ’n Werkskomitee bestaande uit verteenwoordigers van universiteite en navorsingsrade het daarna vergader en die redaksiekomitee bestaande uit proff. H.S. Steyn (jr), C.F. Smit, mnr. J. Lynch en mev. C.A.B. Vorster is uit hulle geledere saamgestel. Hierdie komitee het die werk aangepak met die redaksionele ondersteuning van die Nasionale Terminologiesiens (NTD) van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie – hierdie ondersteuning is egter in 2005 gestaak. ’n Aantal vrywillige medewerkers ontvang gereeld die notule van bygewerkte terme om daarop kommentaar te lewer.

As oogmerk vir die projek is in vooruitsig gestel om meer as ’n blote woordeboek daar te stel. Dit het meegebring dat terme van kontekste (gebiede in Statistiek) en definisies voorsien moes word. Dit het vanaf die begin van die projek duidelik geword dat die uitgee van ’n woordeboek nie die doel moet wees nie, maar eerder ’n dinamiese elektroniese termlys wat, soos die werk vorder, beskikbaar moet wees. Vir hierdie doel is al die terme in die huidige statistiekwoordeboek tesame met die nuwe terme op die termlys geplaas en is die hersiening en bywerking van terme daarop gedoen. Daar is dus besluit om die termlys beskikbaar te stel op SASV se webwerf (www.sastat.org.za onder “Statistical Dictionary: …”) waarvandaan dit afgelaai kan word. Die teikengehoor vir die termlys is nie net die statistiekgemeenskap nie, maar ook die breër publiek, vertalers en selfs die internasionale gemeenskap.

Behalwe die gewone werk aan die termlys, is daar op uitnodiging van die International Statistical Institute (ISI) Afrikaanse vertalings aan hulle voorsien vir die Multilingual Glossary of Statistical terms wat op die ISI se webwerf beskikbaar is (<http://www.cbs.nl/isi>). Verder is daar op hulle versoek in 2007 aan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ’n lys van 200 statistiese terme saamgestel vir die nuwe uitgawe van Afrikaanse Woordelys en Spelreëls.

Na 17 jaar het die oorblywende lede van die redaksiekomitee (mnr. Lynch moes in 2005 ongelukkig uittree as gevolg van ’n ernstige terugslag in sy gesondheid) besluit om uit te tree. Daar is gelukkig die vooruitsig dat die projek deur ander persone voortgesit sal word. Daar is ook onderneem om die nuutste termlys binne die volgende paar maande op die SASV-webwerf te plaas. [Prof. Faans Steyn] (Prof. Steyn is by die Jaarvergadering van die SA Statistiese Vereniging benoem tot erelid – Baie geluk – Red.)

KUNSWOORDEBOEK

Die komitee wat hom onder voorsitterskap van Samuel Pauw besig hou met die Kunswoordeboek laat weet dat die werk ’n eindfase bereik. Die woordeboekkorpus Engels-Afrikaans is nou ses keer deurgewerk en word vir oulaas vir kontrole aan al die woordeboekkomiteeledes voorgelê. Die bedoeling is dat die konsep op die Akademie se tuisblad geplaas word. Dit dien as brontaalwoordeboek vir ander tale in Suid-Afrika. Die terminoloog/vertaler is mev. Susan Roets van Pretoria.

’N SPESIALE UITGAWE VAN DIE TNT OOR DIÉ NASIONALE RAMP!

Dit is algemene kennis dat daar wêreldwyd kommer heers oor ontoereikende prestasie in Wiskunde. Suid-Afrikaanse kenners spreek toenemend hul kommer uit oor veral Graad 12-leerders se ontoereikende prestasie in Wiskunde en die impak hiervan op sowel tersiêre studie as die nasionale ekonomie. Tensy daar genoeg beroepslui soos ingenieurs, rekenmeesters en Wiskunde-onderwysers opgelei word, kan die ekonomie eenvoudig nie vinnig genoeg groei nie. Kortliks: Om in Wiskunde te presteer, beteken oorlewing vir individuele leerlinge, maar ook vir enige ontwikkelende land. Wiskunde is immers by verre die belangrikste vak vir toelating tot gesogte studierigtings.

Die transformasie van onderwys in Suid-Afrika ten spyte is die Wiskundeslaagsyfer op skool, maar ook op universiteit onaanvaarbaar laag. Kenners spreek deurgaans hul kommer uit oor die wyd gerapporteerde agteruitgang in leerders se basiese syfervaardighede en dit is dalk nie vergesog om te beweer onderprestasie in Wiskunde in die land is ’n nasionale ramp. Die situasie is veral kommerwekkend in township- en plattelandse skole en vrae word toenemend gevra oor die toepaslikheid al dan nie van die Uitkomsgerigte Onderwysstelsel, wat klaarblyklik (nog) nie die resultate lewer waarop gehoop is nie. Dit is ’n Suid-Afrikaanse samelewing waar die werkloosheidsyfer buitengewoon hoog is.

Teen hierdie agtergrond het die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie besluit om die vierde uitgawe van Desember 2009 te wy aan ’n spesiale uitgawe met die onderwerp: Die uitdaging van ontoereikende Wiskundeprestasie: Fokus op probleemoplossing. Ons sal graag verskillende tipes voorleggings, sowel langer (ca. 5 000 woorde) as korter (ca. 1 500-2 500 woorde) oorweeg, byvoorbeeld navorsingsartikels, oorsigartikels, asook "gesprekstukke". Neem asseblief egter kennis dat ons meer geïnteresseerd is in bydraes waarin moontlike oplossings vir die uitdaging van ontoereikende Wiskundeprestasie gebied word. Dit lei gewoonlik tot nie-toelating tot gesogte studieveld, ingeperkte werksgeleenthede en beperkte nasionale groei. Bydraes wat bloot weer die "krisis in Wiskunde-onderwys" beklemtoon, is minder interessant. Help ons soek na oplossings! [Kobus Maree, UP]

HOE MULTIDISSIPLINÊR IS DIE TGW?

Oor ’n tydperk van 47 jaar (1961-2008) het altesame 1 154 artikels in die TGW verskyn. Persentasiegewys is die meeste artikels gewy aan die Afrikaanse letterkunde en taalkunde (310 artikels). Daarna volg Opvoedkunde met 118 artikels. Verdere temas was Geskiedenis (96), Filosofie (85), Godsdienst (63), Ekonomiese wetenskappe (57), Taalbeleid (52), Musiek (39), Sosiologie (34), Sielkunde (32), Antieke Tale en Kulture (30), Staatsleer en Politieke Wetenskap (31), Historiese Taalkunde (23), Visuele Kunste (21), Ander Tale en Kulture (16), Afrikanerstudies (15), Bibliografieë (14), Regswetenskappe (13), Internasionale geskiedenis en gebeure (11), Nederlandse taal/letterkunde/geskiedenis (11), Afrika (10), Rekenaar- en Kuberkunde (9), Joernalistiek (8), Rasseverhoudinge (8), Kriminologie (7), Geografie (7), Die Kunste in die algemeen (5), Antropologie en argeologie (5), Toekomstnavorsing (4), Toneelkuns (3), Kultuurbeleid (3), Bruinmense oor of deur hulle (3), Maatskaplike Werk (3), Radio (2), Rolprent (2), Biblioteekkunde (2) en Genealogie (2). (Die inligting is versamel deur prof. Pieter Kapp.)

VRYSTAATSE KONVOKASIE/ALUMNI IS BESORG

Die onverkwiklikhede rondom die Reitz-voorval op die UV-kampus het ’n skolgolf veroorsaak en onwelkome aandag getrek. ’n Prestige-instelling soos die UV met ’n lang akademiese tradisie het hieronder gely. Regter Joos Hefer, Lid van die UV-raad, het die inisiatief geneem om ’n beraad te belê waar universiteite in die algemeen in Suid-Afrika se dilemma bespreek word. Dit is ongetwyfeld so dat politieke inmenging en eksterne politieke woeling die universiteitswese in Suid-Afrika in sy geheel nadelig raak. Vandaar die opskrif vir die beplande beraad:

SA Universiteite: Politieke brandpunte of plekke van akademiese uitnemendheid?

Die SA Akademie het onderneem om die reëlins vir die beraad te behartig, terwyl die alumni/konvokasie van die UV ook ’n aandeel in die verrigtinge sal hê. Die beraad vind plaas met volle samewerking van die Vrystaatse Universiteitsowerheid. Persone wat intussen ingewillig het om as sprekers op te tree, sluit die volgendes in: Prof. Ferdinand de Varennes, kenner van die Internasionale Taalreg van die Murdoch-Universiteit, Australië, prof. Pieter Kapp, Marlene Verhoef, Hennie van Coller, mnr. Dirk Hermann (Solidariteit) en ’n verteenwoordiger van die FW de Klerk-stigting.

Datum van beraad: Donderdagaand en Vrydag 26 en 27 Februarie 2009

Plek: UV-Kampus (Senaatsaal)

Navrae kan gerig word aan die Akademie (akademie@akademie.co.za of tel. 012-328-5082) na 5 Januarie 2009.

CHRISTO WIESEMEDALJE 2009

Nominasies word ingewag van kandidate wat oorweeg kan word vir die toekenning van die Christo Wiesemedalje vir ’n opkomende entrepreneur. ’n Goue medalje is jaarliks beskikbaar vir toekenning. Van volgende jaar af is die leeftydperk opgestoot tot 45.

Die medalje word toegeken aan Suid-Afrikaanse sakemanne en -vroue wat in die toekenningsjaar 45 en jonger is

en wat as sakelui besondere struikelblokke moes oorkom om sukses te behaal. Die medalje is bedoel vir persone wat ’n besondere gehalte van ondernemerskap, visie en volharding aan die dag gelê het op grond waarvan hulle as private ondernemers sukses behaal het in die vestiging of opbou van ’n plaaslike onderneming of ondernemings, in die ontwikkeling of bemarking van ’n produk of produkte en in die skepping van werkgeleenthede en welvaart.

Die prys word toegeken vir prestasies wat reeds behaal is, maar word ook as ’n aanmoedigingsprys beskou en kan slegs een maal aan ’n persoon toegeken word.

Sedert die instelling van die medalje is dit nog net aan twee persone toegeken, nl.:

2000 – mnr. Crispin Sonn

2001 – mnr. Gerhard Jooste

Die volgende geld ten opsigte van die voorstelle:

- Dit moet verkieslik in Afrikaans wees.

- Dit moet deur ’n voorsteller en ’n sekondant onderteken wees.

- Die voorstel moet duidelik motiveer waarom die bepaalde kandidaat/instansie vir die bepaalde bekroning voorgestel word. Daar moet ook duidelik aangetoon word watter spesifieke publikasies/bydraes as bekroningswaardig beskou word.

- Die voorstel moet gesteun word deur die nuutste curriculum vitae van die kandidaat.

- Die grootste mate van vertroulikheid moet gehandhaaf word.

Nominasies met ondersteunende dokumente moet die Akademieskantoor voor of op 31 Januarie 2009 bereik by die volgende adres: Die Hoof Uitvoerende Beampte, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Privaat sak X11, Arcadia, Pretoria, 0007.

BESTE ARTIKELS BEKROON

Soos al in ’n vorige nuusbrief meegedeel, word in samewerking met die ATKV ses pryse van R10 000 elk toegeken vir die beste artikels in die geesteswetenskappe en die natuurwetenskappe wat in ’n bepaalde tydsgewrig verskyn het. Die lys van geakkrediteerde tydskrifte van die Departement van Onderwys is gebruik vir kontakbesonderhede. Omdat ons nie seker is van die volledigheid van die lys nie word die brief aan die onderskeie redakteurs nog hierby afgedruk vir kennisgewing aan alle Akademielede wat by akademiese tydskrifte betrokke is:

Insake Geakkrediteerde artikels in Afrikaans

In die lig van die afname in die produksie van geakkrediteerde artikels in Afrikaans het die ATKV besluit om vir ’n tydperk van vyf jaar ’n bedrag aan die SA Akademie beskikbaar te stel vir die bekroning van wetenskaplike artikels in Afrikaans wat in geakkrediteerde tydskrifte (papierformaat) verskyn het: R40 000 (R10 000 per artikel) vir die geesteswetenskappe en R20 000 (R10 000 per artikel) vir die natuur-wetenskappe. Laasgenoemde sluit die ingenieurswese en die mediese wetenskappe in.

In verband met bogenoemde word u vriendelik versoek om twee artikels (geskryf in Afrikaans) voor te lê wat na die mening van die redaksie beskou word as die beste wat in ’n gegewe tydperk in u tydskrif verskyn het.

Die volgende reëls geld:

1. Die voorgelegde artikel of artikels moes verskyn het in tydskrifaflewering tussende Januarie 2006 en einde Desember 2007. Ook laat nommers wat bv. in 2005 móés verskyn het, maar eers gedurende 2006 op die rakke gekom het, kom in aanmerking. In so ’n geval moet redakteurs egter in ’n begeleidende skrywe bevestig dat die betrokke tydskrifnommer (ongeach die datum op die tydskrif) in die tydperk soos hierbo vermeld, verskyn het. (Artikels wat bv. in 2007-nommers van tydskrifte opgeneem is, maar wat eers in 2008 verskyn het, word vir ’n volgende siklus toekennings in ag geneem.)

2. ’n Afskrif van die betrokke artikel moet saam met die name van die persone wat as keurders opgetree het, voorgelê word. Laasgenoemde inligting sal vertroulik gehou word. Die redakteur kan in ’n begeleidende skrywe motiveer waarom ’n artikel hoog aangeskryf word.

3. ’n Kommissie van die Akademiesraad sal die ingestuurde artikels beoordeel en so nodig kenners op die betrokke vakgebied raadpleeg. Geen korrespondensie sal oor die uitslae gevoer word nie.

4. Die bekroonde kandidaat moet bereid wees om die prysgeld in ontvangs te neem op ’n plek en by ’n geleentheid soos bepaal deur die SA Akademie in oorleg met die ATKV.

5. Die sperdatum vir inskrywings is 15 Desember 2008. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Uitslae sal teen die

einde van Maart 2009 bekend wees.

ATR SE STERT KRUL OOR DIE INSKRYWINGS

Die nuwe Afrikaanse Taalraad (ATR) waarvan die sekretariaat deur die SA Akademie behartig word, is oorbluf deur die ongekende belangstelling vir die wedstryd wat hy uitgeskryf het vir ’n slagspreuk. Mev. Marieta Mundell, oud-onderwyseres en Kommunikasiebeampte by die Sinodale kantoor van die NG Kerk in Bellville, het met die louere weggestap met haar slagspreuk Aktief, Aktueel, Afrikaans. Dit was vir die bestuur ’n besonder moeilike taak om ’n keuse te maak uit byna 500 inskrywings wat per SMS ontvang is. Die ATR is trots op soveel belangstelling vir Afrikaans en tereg formuleer een van die inskrywers die volgende oor Afrikaans: ’n Taal met brul wat jou stert laat krul.

Hieronder volg ’n klein keuse uit die inskrywings wat ontvang is: Afrikaans – die taal wat tintel op jou tong!

Vrytaal, bakleitaal – dis MY taal!

Afrikaans: my TAAL, my TROTS, my TOEKOMS!

Afrikaans is goed vir jou gemoed

Afrikaans in die more, Afrikaans in die aand. Afrikaans elke dag van die maand

AFRIKAANS – TINTELEND OP DIE TONG, TERGEND OP DIE OOR!

MY TAAL, JOU TAAL, ALMAL SE TAAL – DIS AFRIKAANS

AFRIKAANS – TREFFERTAAL VIR ’N WENNERLAND!

Afrikaans is jonk. Afrikaans is vry. Afrikaans is vir jou en my!

Afrikaans spier van my hart en tong

Liplekker tongtippietaal, Afrikaans!

Jare kom, jare gaan, maar Afrikaans bly staan

Afrikaanse Taalraad, Afrikaanse Ruggraat

Afrikaans, jou wondersoete taal, vir jou sal ek ’n koeltjie in die hel gaan haal

My Taal, My Hart, My Lewe!

Afrikaans ons trots ons rots

MY GELD PRAAT AFRIKAANS

Ons Afrikaanse taal is ons trots en staan vas soos ’n rots!

Afrikaans! Mapstieks maar dis lekker

Eet Afrikaans, drink in Afrikaans, dink in Afrikaans

Baklei kaalvuis vir Afrikaans

Met ons taal wil ons spog want ons is Afrikaansverknog!

Ons praat Afrikaans want Afrikaans praat met ons

Afrikaans ... bredie van talle tale!

Afrikaans laat die nasie se tonge klap

Dis soet op die tong en dit streel die oor. Jy moet dit proe jy moet dit hoor! Dis Afrikaans ons die taal

Afrikaans, my hart, my siel, my lewe

Vir jou behoud sal ek my lewe lank strew

Afrikaans o soete taal. Geen prys is te hoog om vir jou te betaal

Laat jou stem hoor in die taal wat bekoor

Vat hande vir Afrikaans

My taal is my vaderland

Afrikaans is my vaderland

PLAKKATEPROJEK VIR SKOLE

Die SA Akademie is verheug oor die belangstelling van skole vir die plakkateprojek wat in die vorige nuusbrief aangekondig is. Op versoek het die Akademie begin om plakkate met as tema voorgeskrewe werke en skrywers in Afrikaans te laat ontwerp en bekend te stel. Die SAOU was so vriendelik om hulle netwerk beskikbaar te stel om inligting oor die plakkate te versprei. Onderwysers is gretig om van die kleurrike plakkate met toepaslike inligting oor die vak Afrikaans gebruik te maak, onder andere as versiering vir die klaskamer. Die eerste twee plakkate handel onderskeidelik oor die Hertzogprys en oor Dalene Matthee. Verdere plakkate word beplan oor Adam Small, Elisabeth Eybers, C. Louis Leipoldt en andere. Die eersgenoemde twee plakkate kos R10 per stuk plus posgeld en verpakking as die plakkate per pos aangestuur moet word. Die ander plakkate sal duurder kos. Die Afrikaanse Letterkundevereniging was so vriendelik om ’n deel van die drukkoste van die plakkate te borg.

Navrae kan gerig word – na 5 Januarie 2009 – aan die Akademieskantoor (012-328-5082 of

akademie@akademie.co.za). Daar word beoog om ook later plakkate vir ander vakke te laat ontwerp en te versprei.

Onderwysers kan gerus laat weet wat hulle behoeftes is.

POORT: NOTA VIR OUIERS EN GROOTOUIERS Ouers en grootouers met kinders of kleinkinders met skryftalent moet laasgenoemdes asseblief aanmoedig om vir die Akademie se Poortkompetisie in te skryf. Leerlinge in Graad 10, 11 en 12 kan hulle oorspronklike skryfsels, poësie, prosa of drama, voorlê. Die werk word beoordeel deur ’n paneel van die SA Akademie se Letterkundekommissie. Die Poort-tradisie bestaan reeds sedert 1974 en bekende hedendaagse

skrywers het hulle debuut in die Poort-publikasie gemaak. Alle inskrywings moet deur die leerlinge se skool gekanaliseer word. Dokumentasie is reeds aan skoolhoofde en die Afrikaans-vakleerkrigte gestuur en leerlinge kan by hulle navraag doen. Andersins kan hulle vir mev. Betsie van der Elst skakel by 012-997-2647 of per e-pos navraag doen by akademie@akademie.co.za. Die SA Akademie se telefoonnommer is 012-328-5082. Die sluitingsdatum van die kompetisie is 1 April 2009.

AFRIKAANS IN DIE BUITELAND

Die redaksie het besluit om in hierdie en volgende uitgawes aandag te bestee aan Afrikaans in die buiteland - Japan, Pole en die VSA kom aan die beurt.

Nuus uit Japan:

Om in Kioto te wees wanneer dit herfs word, is om elke dag met groeiende nuuskierigheid die stadige uitbarsting van kleur in die natuur waar te neem. Dis asof die geel, oranje, rooi en roesbruin van die herfsblare aan die ginko- en esdoringbome (en talle ander) vergoed vir die skielike daling in die lugtemperatuur en die wete dat die groen heuwels rondom die stad oor ’n maand of wat ’n wit sneekleed sal dra. Daarmee saam stem die vriendelikheid van die Japannese, en veral die entoesiasme van die groepie van sewe studente wat graag Afrikaans wil leer praat, ’n mens tot ’n gevoel van weldadigheid oor die ervaring om in hierdie tyd in hierdie antiek-moderne land te mag vertoef. Daar is ook vordering met die hersiening en uitbreiding van die Afrikaans-Japannese woordeboek waaraan prof. Takasji Sakurai en ekself werk, op sigself ’n vreemde kombinasie van Afrika, Europa en Asië, en die byeenbring van woordeskat uit kulture wat verskillende wêreldes verteenwoordig. Die formele blootstelling aan Japannees en die wyse waarop daar gekommunikeer word in die Japannese klasse van drie uur per week plaas ’n mens ook in die skoene van jou studente en hulle taalleefwêreld, en hou jou nederig! Yoroshiku/Groete, Ernst Kotzé. (Prof. Sakurai is lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.)

Aktiwiteite in Pole:

In Pole is daar twee universiteite waar Afrikaans gedoseer word. Die een is die Universiteit WrocBaw, waar Suid-Afrikaanse inhoud in verskillende vorme vir die studente Nederlands aangebied word soos ’nleiding tot die Afrikaanse taal, literatuur en kultuur’, ’nAfrikaanse literatuur’ of ’nsoos hierdie jaar ’nNederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde’. Prof. Jerzy Koch het daar in 1992 met sy kursusse begin en die naam Leerstoel vir die Nederlandse Filologie daaraan gegee. Danksy Nederlands verkry studente ook vinnig toegang tot Afrikaans, maar Neerlandistiek bly hul hoofstudierigting.

Die interessante ontwikkeling is uitgebrei na die Adam Mickiewicz Universiteit in PoznaD waar prof. Koch in 1997 met Afrikaans begin het. Aanvanklik was dit ’n eensemesterkursus vir derdejaarstudente Engels. Later het dit tot tweejarige spesialisasie vir die M.A.-studente Engels uitgegroeï. En op die oomblik, reeds vier jaar, is dit ’n aparte rigting met sy eie kurrikulum waar B.A.-studente sowel Engels asook Suid-Afrikaanse Studies neem. Hierdie ontwikkelingsgang en verselfstandiging weerspieël die naamsverandering. Wat vroeër Departement Nederlandse en Afrikaanse Taal, Literatuur en Kultuur was, staan nou bekend as Departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies. Om studente aan te trek, ook vir Afrikaans, moes daar ’n ruimer kader geskep word en die Suid-Afrikaanse Studies ’n die enigste studie van hierdie aard in die Midde-Europese regio ’n het ontstaan. Die Departement maak deel uit van die groot Instituut vir Engelse Filologie waar honderde studente studeer en bykans 170 dosente (saam met Ph.D.-studente) werk. Dit is soos ’n klein bedryf. Die nuwe naam vat die werksaamhede van die Departement beter saam: die kurrikulum omvat o.a. Afrikaanse taalverwerwing, Engelstalige Suid-Afrikaanse letterkunde, geskiedenis van Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse variante van Engels, Suid-Afrikaanse kulturele studies, geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde en geskiedenis van Afrikaans. Twee jaar gelede is daar ook ’n heeltemal nuwe studierigting geopen naamlik die B.A.-studie Neerlandistiek. Op elke vlak van beide rigtings is daar een groep studente en hul getalle bly groei: ons het nou meer as 50 studente en 26 van hulle spesialiseer in die Suid-Afrikaanse Studies.

Die departement spog met twee lede van die SA Akademie (prof. Koch en dr. Zajas). Dit is ook ’n bewys van ons personeel se bydrae nie net op akademiese gebied in Pole nie, maar ook in Suid-Afrika. Die twee genoemde kollegas het onlangs insiggewende boeke oor Suid-Afrika gepubliseer. Dr. Zajas se boek *Postkolonialne imaginarium poBudniowoafrykaDskie literatury polskiej i niderlandzkiej* (’nSuid-Afrikaanse Postkoloniale Imaginarium in Nederlandse en Poolse Letterkunde’, 273 pp.) fokus op die beelde van Suid-Afrika in Poolse en Nederlandse etnografiese en populêre letterkunde. Dit is ’n poging om te toon op watter maniere sommige letterkundige, sosio-historiese faktore en meegaande ideologie hierdie beelde van Suid-Afrika gevorm het. *Imaginarium* is ’n term wat by André Malraux geleen is en dit beskryf ’n kollektiewe wêreld van verbeelding, die voortdurende veranderende inventaris van beelde wat herhaal en verander deur middel van spesifieke kultuurgeoriënteerde tekste. Die Suid-Afrikaanse imaginarium van hierdie studie behels die etnografiese en populêre letterkunde, populêre wetenskapversamelings, reisverslae en mediaverklarings. Die raamwerk van die analise word verskaf deur die postkoloniale teorie wat krities hersien en aangepas is om die onderwerp te verantwoord.

Die boek van prof. Koch, *Wenus Hotentocka i inne rozprawy o literaturze poBudniowoafrykaDskiej* (“Hottentot Venus en ander opstelle oor die Suid-Afrikaanse literatuur”, 438 pp.) is ‘n ongewone veelsydige volume gewy aan Suid-Afrikaanse letterkunde, van die koloniale tydperk tot vandag. Die outeur bied die Suid-Afrikaanse letterkunde vanuit ’n nuwe verrassende perspektief aan. Dikwels gebruik hy as’t ware argeologiese metodes: op ’n wyd-wydgesketste agtergrond gaan hy dieper op enkele temas in. Die ondersoek rondom Hottentot Venus lei tot ‘n knap analise van koloniale beelde van ‘n gekleurde vrou, in besonder haar manier van praat en haar liggaam, maar die betoog neem ook die vorm aan van ‘n klassieke literêre portret (C. Louis Leipoldt) of word ‘n poging tot die tipologie van wetenskaplike benaderings (teorieë oor die ontstaan van Afrikaans). Meestal is daar ook meer as met die eerste oogopslag. ‘n Essay oor wat van die Afrikaanse letterkunde vertaal moet word, verander in ‘n histories-literêre skets van die belangrikste ontwikkelingstendense van hierdie letterkunde. Die vergelyking van die Poolse en Nederlandse resepsie van J.M. Coetzee gee aanleiding tot ‘n nuwe kontekstualisering van die oeuvre van die Nobelpryswenner.

Een van ons Ph.D.-studente, Ewa Dynarowicz, het onlangs haar proefskrif oor die (TRC) suksesvol verdedig. Getitel “Die Suid-Afrikaanse oorgangsperiode: Waarheids- en Versoenings-kommissie en literêre representasies van die identiteitsrekonstruksie”. Haar proefskrif fokus op die problematiek van die identiteitsrekonstruksie in Suid-Afrika in die oorgangsperiode en is daar Nederlandse sowel as Poolse en Suid-Afrikaanse tekste ter sprake. Sy plaas die werksaamhede van die WVK in die kader van diverse metodes wat in die twintigste eeu toegepas is om die sogenaamde moeilike verlede te verwerk. Die studie stel die verskillende aspekte van die proses van die identiteitsrekonstruksie op twee niveaus: die kollektiewe/maatskaplike en die persoonlike/ individuele. Op die manier word vanuit uiteenlopende hoeke lig gewerp op die verskillende aspekte van die verwerking van die traumatiese verlede, die verhouding hede–verlede en die identiteitsrekonstruksie. Tegelykertyd word die Suid-Afrikaanse oorgangsperiode en die buitelandse resepsie daarvan die uitgangspunt vir verdere besinning oor die huidige toestand van onderskeidelik die Nederlandse en Poolse samelewing.

Meer inligting oor medewerkers en hulle werksaamhede is beskikbaar in die kuberruimte by <http://ifa.amu.edu.pl/dutchafrikaans>.

Werkwinkel - Tydskrif vir Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies is die Departement se eie eweknie-geëvalueerde vaktydskrif en is onlangs in die gestandaardiseerde register van akademiese tydskrifte van die Poolse Ministerie vir Wetenskap en Hoër Onderwys opgeneem. Werkwinkel is besig om ‘n nismark op die publikasiegebied van Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies uit te kerf. Lees meer oor Werkwinkel by <http://ifa.amu.edu.pl/werkwinkel>.

Daar word ook nog nuwe inisiatiewe ontplooi soos die Werkwinkel-Biblioteek. Die idee is om naas die tydskrif ook boeke te publiseer, hoofsaaklik vir die Poolse mark. Die eerste in die reeks wat einde 2008 verskyn, is die proefskrif wat twee jaar gelede deur dr. Urszula Topolska verdedig is. Die boek van bykans 300 bladsye gaan oor die Nederlandse migranteskrywers (allochtone) en ondersoek die Nederlandse instellings (kulturele beleid, kritiek, uitgewers, skoolkurrikula e.a.) wat aan die proses van kanonvorming van hierdie outeurs in die periode 1993-2003 deelgeneem het. Die redaksie is reeds besig om ander publikasies in hierdie reeks voor te berei.

Afrikaans in Los Angeles:

Toe prof. Bob Kirsner van die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles (UCLA) in 2007 Akademiëlid geword het, het hy die volgende geskryf: “My geswoeg in die kulturele woestyn van Suid-Kalifornië het dalk nie ongemerk gebly nie. Dit sou vir my ’n groot eer wees om vir lidmaatskap van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in aanmerking te kom.” Op 8 Mei 2007 skryf hy: “Ek voel vereer dat die Akademie my beskeie pogings om die Afrikaanse taal, letterkunde en taalkunde ... te onderrig en my navorsing belangrik vind ...”.

Kursusse wat hy aanbied, is Elementêre Afrikaans en Intermediêre Afrikaans – verder ’n algemene kursus *From Oppressed to Oppressor and Beyond: Literature in Afrikaans from the Pre-Apartheid to the Post-Apartheid Era*. Voorts bied hy ook ’n kursus *Inleiding tot Afrikaanse Letterkunde* aan met alle tekste wat in Afrikaans gelees word.

ENGKAANS

Floris A. Brown, digter en skrywer, skryf:

Dames en Here, dit is vir my vanaand as lid van die SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS ’n groot eer en voorreg om op my sestigste verjaardag, 10 September 2008 aan u voor te hou die 12de nie-amptelike taal van die Republiek van Suid-Afrika naamlik: ENGKAANS.

Ek wil dan graag alle media uitgewers en bydraers tot ons nuwe taal gelukwens met hul volgehoue ondersteuning en publiserings van hierdie taal. Ja, *Dames en Here*, met ’n gebrek aan woordeskat, is dit beslis nie AFRIKAANS nie, maar ’n eiesoortige kromtaalmanier van AFRIKAANS skryf en praat. Dit is dan ook opvallend hoe Jan Alleman hierdie nuwe taal omhels vreugdevure aansteek juig en dit uitbasuin as dié perfekte taal waartoe AFRIKAANS hom

hedendaags leen – die taal van die nuwe geslag – die “inwees-alles-wat-verkeerd-is-regskiet”-generasie.

Ek sien hoe baie Afrikaanse taalpuriste hierdie skryfsels teen hul mure uitgooi en hoe geïrriteerd hul gedagtes draai want sien, baie van ons opreg Afrikaanse koerante en tydskrifte neig om ingesluk te word deur Engkaans en al meer Engelse boekresensies verskyn in dít wat AFRIKAANS moet wees en lees. Ja, ek hoor hoe die reeds gestorwe kampvegters vir Afrikaans sal vra: “Is ons nog in Suid-Afrika? Is dít die Afrikaans waarvoor ons gesterf het? PRAAT EN SKRYF NIEMAND DAN MEER AFRIKAANS NIE!”

Dames en Here, ek het in die verlede, baie geld spandeer as ingeskrewe lid op hoë gehalte goeie goeie Afrikaanse tydskrifte. O hoe het ek my nie gretig gehaas na die poskantoor om my boeke af te haal nie. Ek het goeie digters nagejaag nagelees en by hul hoë standaard van poëtieskryf heelyd geleer. Skielik verdwyn die poësie. Skielik verdwyn die goeie artikels en alles maak plek vir hoë gehalte advertensies. Die ekonome sluk Afrikaans in en verander hierdie hoëgehaltetydskrifte in HOË GEHALTE GLANSADVERTENSIEBLAAIE. ENGKAANS sluip in en neem oor.

Dames en Here, ek sluit af met my eie nuutskepping slagspreuk: (Praat van die duiwel en trap op sy stert?) Nee – “Praat van die Engel en streef sy vlerk.” Gee AFRIKAANS sy Engele vlerk en laat AFRIKAANS! AFRIKAANS!! SLEGS AFRIKAANS!!! Hoog vlieg. Die hemele in! JUIG AFRIKAANS in ons Republiek Suid-Afrika!

“Die oogmerke van die Akademie as multidissiplinêre organisasie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans.”
(florisbrown@mweb.co.za)

LEKKERAFRIKAANS.COM

Ontvang hiermee ons spesiale uitnodiging om deel te word van ‘n splinternuwe webportaal geheel en al in Afrikaans.

Lekkerafrikaans.com is geskep vir almal wat passievol is oor Afrikaans praat, lees, skryf en kuier en dit sommer net geniet omdat dit so ‘n beskrywende taal is. Lekkerafrikaans.com gaan oor alle grense heen, dit is vir alle kulture, vir plattelanders, stedelinge, binnelanders, buitelanders, swerwers – en al is dit ook nie jou eerste taal nie – maak nie saak nie.

Lekkerafrikaans.com is nie net nog 'n Afrikaanse webtuiste nie en poog om ‘n spesiale rol te speel om veral Afrikaans op die internet te bevorder.

Lekkerafrikaans.com bied juis nou die geleentheid aan jou om jou talente te gebruik en saam te skryf – kom raak dus betrokke en ontwikkel die joernalis in jou – ‘n volwaardige sosiale joernalis! Met Lekkerafrikaans.com bied ons aan jou die platform om te skryf, deel te neem en sommer net saam te kuier – al is dit nou oor jou laaste besoek aan Nawakwaland, julle doen en late in Perth, Afrikaanse herinneringe uit London, wat ookal – bou saam met ons hierdie webtuiste uit.

Lidmaatskap van Lekkerafrikaans.com is gratis en beteken dat jy in alle opsigte kan deelneem aan die huidige sowel as toekomstige atiwiteite gebied deur die webtuiste. Behalwe die feit dat jy kan deelneem aan die gesprekke, kommentaar kan lewer, resepte kan plaas, Afrikaanse produkte kan koop en artikels kan skryf, kan jy ook jou eie sosiale netwerk skep en kommunikeer met Afrikaanssprekendes van oraloor.

Nuwe funksionaliteite sal voortdurend bygevoeg word – veral op aanvraag en na gelang van die behoeftes van die deelnemers (lede) van die webtuiste.

Ons sien uit na jou betrokkenheid en versoek dan ook hiermee dat jy ons help om die nuus te versprei na alle vriende, familie en kennisse. [www.lekkerafrikaans.com]

AANLOOP TOT 'N VIRTUELE UNIVERSITEIT IN AFRIKAANS?

“Moet akademiese instellings eers verengels voor hulle internasionaal mededingend is? Nie as voortrefflikheid die maatstaf vir internasionale mededingendheid is nie. Engels op sigself kan ’n prulwerk nie transformeer tot iets voortreffliks nie.” Dis die woorde van dr. Heinrich Matthee wat sopas die voortou geneem het tot die skepping van die Pionier-Instituut waar opleiding in Afrikaans in vakgebiede soos internasionale, politieke en strategiese studies onderneem word. Die Pionier-Instituut sal deels in Suid-Afrika en deels in Nederland gebaseer wees.

Die Instituut is bestem om ’n onafhanklike akademiese opvoedings- en navorsingsinstelling te wees. Prof. Jaap Steyn het ingewillig om beskermheer vir die Instituut te wees. Dr. Matthee as stigter en hoof van die Pionier-Instituut werk tans in Europa as ’n politieke risiko-analis vir multinasionale maatskappye. Hy het met lof gedoktoreer aan die Universiteit van Marburg en het ook kwalifikasies aan die Universiteit van Birmingham, Unisa en die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Verdere persone wat betrokke is as lede van die Adviesraad is proff. Mike Hough, Heidi Hudson, Theo Neethling, Louis du Plessis en me. Jo-Ansie van Wyk. In

doserende deelydse hoedanigheid word gebruik gemaak van die dienste van dr. Leopold Scholtz, dr. Francois Vreÿ, dr. Abel Esterhuysen, mnr. Sebastiaan Biehl en drs. Ingrid Scholtz.

Die Instituut beoog om besluitnemers op alle terreine vir ’n nuwe wêreld te bemagtig. Daar word van die standpunt uitgegaan dat politieke insig en strategiese leierskap vandag onontbeerlik is. In byna alle lande, van die Midde-Ooste en Asië tot in Afrika en die Weste, is die ekonomie en politiek ten nouste verweef. Die politiek, ekonomie en konflik in een wêrelddeel kan ook ander wêrelddele ver daarvandaan ingrypend verander. Sonder politieke en strategiese insig is goeie bestuur nie moontlik nie.

Onder die omstandighede wil die Pionier-Instituut huidige en toekomstige besluitnemers bemagtig tot goeie oordeelsvermoë.

Die Pionier-Instituut se kursusse sluit in:

Ontleding, beoordeling en die ontwikkeling van toekoms scenario’s;
 Politieke risiko-analise, die VSA en die Midde-Ooste;
 Politieke en sosio-ekonomiese ordes in Europa en Rusland;
 Geopolitiek, hulpbronne en demografie in Afrika;
 Kultuurpolitiek en kommunikasiemedie;
 Konflik, krisishantering en strategiese leierskap.
 Navrae kan gerig word aan info@pionier-i.org. Raadpleeg ook www.pionier-i.org.

STUDENTESIMPOSIUM 2008

Agtste jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe – Universiteit van Johannesburg, 31 Oktober 2008

Die SA Akademie se jaarlikse simposium in Afrikaans vir nagraadse studente in die natuurwetenskappe het op 31 Oktober by die Universiteit van Johannesburg (UJ) plaasgevind. Die Afdelings Wis- en Natuurkunde en Chemiese Wetenskappe van die Akademie, tesame met die Akademie vir Inligtingstechnologie van UJ was vir die reëlings verantwoordelik. Ons is dankbaar om op ’n suksesvolle geleentheid te kan terugkyk, wat gekenmerk is deur die entoesiastiese medewerking van die gasheerinstelling. ’n Totaal van 23 praatjies en 4 plakkaats is aangebied, en almal is dit eens dat die standaard van die aanbiedings deurgaans baie hoog was. Borgskappe, onder andere ’n ruim skenking deur Nasionale Pers, maak dit moontlik om verskeie pryse toe te ken aan die aanbiedings wat gelewer is. Prof. Derek van der Merwe (viserektor) het die simposium treffend geopen en gewys op die verrykende ervaring om akademies skeppend te wees in ’n taal anders as die heersende taal, naamlik Engels. Nog ’n hoogtepunt was die aanbieding deur prof. Basie von Solms van UJ oor professionalisme in die inligtingtegnologiebedryf. Volgende jaar se simposium sal by die Universiteit van die Vrystaat plaasvind, en deel van die Akademie se eeufeesherdenking uitmaak. EKSPLO VIR JONG WETENSKAPLIKES Streekkompetisie Gauteng-Noord (5-6 September 2008)

Die SA Akademie het die afgelope paar jaar Afrikaanse bydraes by die Eksplo vir Jong Wetenskaplikes se Streekkompetisie Gauteng-Noord erken deur die toekenning van pryse vir die beste projekte in Afrikaans. Akademielede tree as beoordelaars hiervoor op, en gesels spesifiek in Afrikaans met deelnemers. Vanjaar het die Afdelings Chemiese Wetenskappe en Wis- en Natuurkunde van die Akademie saamgespan om goeie Afrikaanse projekte in hul onderskeie vakgebiede te bekroon. Vyf prysweners is geïdentifiseer: twee in die senior en drie in die junior kategorie, en prysgeld ten bedrae van R2 200 in totaal is uitbetaal. Al die prysweners ontvang ook ’n spesiaal gedrukte sertifikaat van die Akademie. Dr. Danie Roos het op die afsluitingsfunksie die prysweners aangekondig en gelukkigwens en ook namens die Akademie ’n kort woord gespreek. Die betrokke afdelings van die Akademie beskou hierdie as ’n belangrike inisiatief om kinders aan te moedig om Afrikaans as wetenskaptaal te gebruik.

ENGELBURG, DIE EWIGE JOERNALIS

Die bekende joernalis, Markus Viljoen, was in 1922 by De Volkstem-koerant werksaam. Generaal C.R. de Wet, hoofkommandant van die Vrystaatse magte gedurende die Anglo-Boereoorlog, het ernstig siek gelê by sy woning. Die redaksie van De Volkstem was die ergste te wagte en soos in dergelike gevalle die gebruik was, is daar betyds gesorg vir ’n uitvoerige lewenskets wat vooruit klaar geset en opgemaak was. Al wat nodig was, was om net die datum bo-aan te plaas en in ’n paar reëls die heengaan van die ou krygsman te vermeld, dan kon die hele bladsy gegiet, in die vorm geplaas en binne ’n kwartier op die rolpers wees.

Namate die generaal se toestand ernstig geword het, het die spanning by die koerantkantoor toegeneem en elke telegram wat aangekom het, is haastig oopgeskeur om vas te stel of dit nie die doodstydning sou bevat nie, terwyl daar elke dag so laat as moontlik met die druk van die koerant gewag is.

Eindelik het die berig gekom, maar die koerant was net klaar gedruk en reeds op straat. ’n Oomblik later het die hoofredakteur, F.V. Engelenburg, met die telegram in die hand ’n onvergenoegde trek op sy gesig in die al-gemene kantoor verskyn. Hy het die telegram voor Markus Viljoen neergesmyt. Terwyl Viljoen slegs met ’n

gevoel van hartseer oor die heengaan van die groot veldheer kon dink, het Engelenburg die gebeure net vanuit die oogpunt van die joernalis gesien. Ewe ongevoelig het hy opgemerk: "Generaal De Wet had als oude vriend van De Volkstem 'n weinig meer konsideratie teenover ons kunnen betonen door 'n halfuurtjie vroeger heen te gaan!"

Die opmerking het Viljoen diep geskok, maar later het die ervaring hom geleer dat daar ten opsigte van nuus geen sentiment kan bestaan nie en dat 'n goeie joernalis alles, selfs die dood, net in terme van nuus leer sien. [Linda Brink]

SONGS OF THE VELD - MARTHINUS VAN BARTTitel:

Songs of the Veld and other poems

Redakteur: Marthinus van Bart
 ISBN: 978-0-620-39432-1
 Prys: R285 (insluitend BTW)
 Omvang: 304 bladsy hardeband met stofomslag
 Grootte: 194 x 128 mm portret
 Kategorie: Africana / Anglo-Boereoorlog
 Publikasiedatum: 22 Oktober 2008
 Uitgewer: Sederberg Uitgewers

Die verhaal agter Songs of the Veld and other poems is net so aangrypend en onverwags as die boek self – want oplaas het die pen nie net oor die swaard getriomfeer nie, maar ook oor sensuur en 'n eeu van ampse stilte wat gevolg het op die onderdrukking van hierdie bundel oorlogsgedigte wat die oorlogsmisdade van die Britse leer teenoor die Boere én laasgenoemde se heldhaftige stryd teen 'n oormag professionele soldate die wêreld oor onthul het. Gepubliseer in Londen in 1902 het hierdie protesgedigte ook sterk beswaar gemaak teen die "metodes van barbarisme" wat gedurende die Anglo-Boereoorlog gepleeg is. Dit sluit gedigte in wat anoniem ingestuur is deur verskeie Suid-Afrikaners, wat ingevolge die krygswet gestraf kon word omdat hulle hul stem verhef het teen die oorlogsmisdade en imperialisme.

Ons weet nou wie hierdie Suid-Afrikaanse digters was: C. Louis Leipoldt, Betty Molteno, Alice Greene, Anna Purcell, Frederick Carl Kolbe en Albert Cartwright (wat in elk geval as redakteur van 'n Kaapse koerant tronk toe gestuur is), asook die ander wat die oorlog weersinwakkend en 'n aanslag op hul eie waardes gevind het.

Redakteur Marthinus van Bart, kultuurjoernalis van Die Burger oor meer as 20 jaar en hoofredakteur van die opspraakwekkende Anglo-Boereoorlog-gedenkboek Vir Vryheid en vir Reg, het vir Songs of the Veld and other poems 'n aangrypende en vakkundige Voorwoord en Inleiding – in Afrikaans sowel as Engels – geskryf wat die agtergrond waarteen die bundel oorlogsgedigte ontstaan het skets en ons meer oor die mense daarby betrokke inlig.

Hy beskryf die prominente rol van vroue en van die Kaapse Rebelle in die vernetting teen die imperialistiese gierigheid vir goud wat die deurslag tot die oorlog gegee en die verskroeiende-aarde-beleid aangevuur het om uit te loop op die tragedie van die konsentrasiekampe.

Toe eksemplare van Songs of the Veld and other poems in Suid-Afrika aangekom het, is hulle vernietig en die boek verbied. Tot die publikasie van hierdie faksimile-uitgawe was slegs enkele kopieë wat deur intellektuele Suid-Afrika binnegesmokkel en in argivale bewaringsplekke bewaar is, in die land beskikbaar.

Die opnuut gepubliseerde faksimile-uitgawe is van een so 'n eksemplaar geskep, en dus het egte Africana sy pad huis toe en na die moderne leser gevind om die intensiteit van die teenkanting teen die oorlog deur beginselvaste manne en vroue, beide hier en in die buiteland, tot uitdrukking te bring.

Versprei deur: Book Promotions ^a Posbus 5 ^a Plumstead ^a 7800

Tel: 021 707 5700; Faks 021 707 5795

e-pos: orders@bookpro.co.za

LEDENUUS

'n Besondere eer het prof. Jerzy Koch (Pole) te beurt geval as ontvanger van die Visser-Neerlandiaprys 2008. Hy het die prys ontvang vir sy aktiwiteite in die ontwikkeling van Nederlandse studies in Pole. Die prys "met erkenning vir besondere persoonlike verdienste" op die gebied van die Nederlandse kultuur, letterkunde en taal word jaarliks deur die Algemeen Nederlands Verbond (ANV) toegeken en word betaal uit die gedenkfonds van H.L.A. Visser (1872-1943), regsgeleerde en filosoof.

Die London South Bank University het 'n eredoktorsgraad in die regte aan dr. Theuns Eloff, visekanselier van die Noordwes-Universiteit (NWU), toegeken vir onder meer sy rol in Suid-Afrika se transformasie. Prof. Deian Hopkin, rektor van dié Britse universiteit, het tydens 'n seremonie die afgelope week gesê die transformasie van Suid-Afrika van 'n apartheidstaat tot 'n moderne demokrasie is een van die merkwaardigste episodes van die moderne politieke geskiedenis en Eloff het 'n sleutelrol daarin gespeel.

Eloff is volgens Hopkin ook 'n uitnemende opvoedkundige en ambassadeur vir multikulturalisme. Die NWU het in 'n verklaring gesê Eloff was as studenteleier aktief betrokke by die bevordering van transformasie en het in 1977 gehelp met die opstel van die Koinonia-verklaring teen apartheid.

Hy was ook lid van die afvaardiging wat ANC-verteenwoordigers in Dakar ontmoet het en was ten nouste betrokke by die fasilitering en beplanning van die vredesproses wat gelei het tot die Nasionale Vredesakkoord in 1991 en die einde van apartheid. Voorts was hy hoofadministrateur van Kodesa.

Volgens Hopkin is die eredoktorsgraad aan Eloff toegeken vir sy moed, toewyding en groot prestasie in die bevordering van demokratiese vooruitgang in Suid-Afrika, sy betrokkenheid by globale onderwys en maatskaplike transformasie en sy bydrae tot die vennootskap met die London South Bank University en sy waardes.

Emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, wat ’n eregraad van die NWU ontvang het, het ook al ’n eregraad van dié Britse universiteit ontvang.

IN MEMORIAM

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van die volgende Akademielede of oud-Akademielede:

Prof. S.I. Malan van Pretoria

Prof. J.L. de Wit van Stellenbosch

Mnr. C.G. Theron van Kleinmond

PUBLIKSIES DEUR LEDE

Visser, W.P. 2008. 'Van MWU tot Solidariteit. Geskiedenis van die Mynwerkersunie, 1902-2002.' Solidariteit: 384 pp.

Rossouw, J. & J.N.L. Fourie. 2008. Alternatives to expedite macroeconomic convergence of the SADC countries. 400 word research note in International Advances in Economic Research, November. 14:4.

BOEKAANKONDIGINGSRoodt, P.H. 2008 (Samestl.). Amfiteater – skrywerstemme van Oud-Tukkies. Pretoria, Protea Boekhuis.

Hinwood, Bonaventure. 2008. Seevlak tot Savanna. Pretoria, Bent-Uitgewers.

Schoeman, Karel. 2008. Patrisiërs & prinse – Die Europese samelewing en die stigting van ’n kolonie aan die Kaap, 1619-1715 (436 p.). Pretoria, Protea Boekhuis.

AKADEMIE-TYDSKRIFTEHet Akademielede dalk die volgende, wat in die Akademie se versameling ontbreek, beskikbaar?:

Bulletin van April 1923 – September 1925, deel 3 vol. 1 tot deel 3 vol. 11, deel 5 nommer 2 tot 8

Nuusbrief Jaargang 6/1968

Hertzog-annale Jaargang 4/1957; Jaargang VI/1958; Jaargang VII/1959

PERSBERIGTE (23 Sept. - 11 Nov.)

Ons gee graag aan u die volgende inligting soos aangeteken deur die SA Akademie se knipseldiens. Indien lede weet van enige publikasies waar oor sake van die Akademie berig word, faks dit asseblief aan Nellie (012) 328-5091.

Wiskunde op skool – ’n ramp – Die Burger, 23 September 2008

Cloete ontvang erelidmaatskap - Volksblad, 24 September 2008

Akademie vereer T.T. Cloete en UP-oudrektor - Beeld, 25 September 2008

Bekendes onttrek aan Aardklop-praatjies - Die Burger, 1 Oktober 2008

’n Wonderlike nalatenskap - Die Burger, 2 Oktober 2008

’n Sy kon jou aansteek om boek te lees – Beeld, 2 Oktober 2008

Doyenne van letterkunde sterf - Volksblad, 2 Oktober 2008

BBI-hoofwoordvoerder besoek Bfn eersdaags - Volksblad, 11 November 2008

LEDEGELD

Ons doen ’n vriendelike beroep op Akademielede om hul ledegeld vir 2008 te vereffen. Rekeninge is by hierdie nuusbrief ingesluit.

PROOI VAN BEDRIEËRS

Die SA Akademie se administrasie is die afgelope tyd twee keer geteiken as prooi van bedrieërs. In ’n perfek nagmaakte brief van ’n Telkom – is die Akademie ingelig dat ’n oorverhaling op die Akademie se telefoonrekening ten bedrae van R2 525,89 terugbetaal is. Ongelukkig, so lui die brief, het Telkom per abuis ’n bedrag van R83 720,30 aan die Akademie terugbetaal. Dan lui die brief: 'It is herein authorized that you confirm

this transaction from your statement and assist by deducting your refund of R2 525,89 and reverse the difference. Die inbetaling van die tjek vir die bedrag van R83 720,30 is gereflekteer in die Akademie se bankstate, maar dit het gou geblyk dat die tjek ongedek en gesteel was. Die saak is by ABSA se bedrogafdeling aangemeld – die booswige is spoorloos. Die aanslag op die Akademie se finansies het misluk.

KROM KOMKOMMERS - REGUIT PIESANGS

Die Europese Unie (EU) het sopas besluit dat krom komkommers weer in groentewinkels verkoop mag word. Dit geld ook vir worteltjies wat effens mismaak lyk. Daar word verwys na die sogenaamde “gevurkte wortels”. Al die lidstate van die EU het saamgestem dat die regulasies oor die vorm en minimum grootte van 26 vrugte- en groentesoorte per 1 Julie afgeskaf kan word. Die regulasies vir appels, pere en tamaties word steeds gehandhaaf. Sou die EU ook oor reguit of krom piesangs kon besluit? (Bron: NRC de week – 17 November 2008) ONS HOOR GRAAG VAN ONS LEDE EN HULLE NUUSWAARDIGHEDE. STUUR 'N E-POSBOODSKAP AAN akademie@akademie.co.za. Die Akademiekantoor sluit op 5 Desember en open weer op 5 Januarie 2009. KERSBOODSKAP

Met goeie wense vir die Kerstyd plaas ons die volgende gedig van Hans du Plessis uit die bundel Kalahari Krismis – ’n Kersspelspel (26 p.). Die digter sê: Die agtergrond van hierdie Kersspelspel is uiteraard die Bybel, maar die Bybelse verhaal word teen die agtergrond en in ’n dialek van die Kalahari vertel. EERSTE KRISMIS Maria het hoeka ’n kjind gedra

toe Josef by ha trou wou vra,
 en dit het hom beginte hinner
 assie mense so sit en skinner
 marie Jirre het aan hom geveskyn
 en kommer het yt hom yt vedwyn.
 Ennie grootkaptein Augustus
 het gesê lat alman wat mens is
 hille moet lat tel lat hy elke lyf
 innie paleis se boek kan skryf.
 Toe’tie mense nou so gemaak
 en ver geloop om getel te raak. Josef en Maria hette donkie gehet
 ennie drie het voetsaam yt Nasaret
 gevetrek en voorson al pad gevat
 na Bethlehem, oorle Dawid se stad.
 Josef het mos geweet hy spryt
 ytie geslag van koning Dawid yt. Hille’t gesikkel om slaapplek te kry,
 toe’t hille ma inne stal geloop bly,
 en net da issie Koningkjind geboor.
 Maria het Hom inne karossie toegerol.
 En warie mense hierie storie hoor, was hy se eer die dro dyne vol.
 Die gedig word geplaas met toestemming van die skrywer. Navrae oor die publikasie kan gerig word aan die ATKV-Skryfskool by die Noordwes-Universiteit (tel. 018-299-1783) of by Lapa-uitgewers (012-401-700/www.lapa.co.za).